

# Gawes van YHVH

## Ekstra lesing oor ons roeping & gawes




Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

Daar is soveel aspekte omtrent ons verhouding met YHVH en ons word so bederf met Abba se Woord wat ons leer en met Abba se Gawes waarmee hy ons toebedeel het. Ons verstaan nie altyd onsself nie, en ons verwar soms ons gawes, ons karakter en identiteit. Ons gaan deur storms, toetsing en beproewinge, en ons weet nie regtig hoekom en waarom nie. Ons kies soms om altyd die negatiewe en die swaar te sien, in plaas daarvan om ondersoek in te stel en Abba te vra om vir ons uitklaring te gee, of om aan ons sekere aspekte oop te breek en te verduidelik.

Ons roeping (die doel waarvoor ons geskape is) is ‘n aspek waarin ons moet “opgelei” word. Opleiding is nie altyd genotvol en pret nie, sommige opleiding is “straf”. Ek hoop dat dit wat ek vanaand met julle deel oor julle roeping en gawes, vir julle die reis waarop jy is, sal “oopbreek”…


Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

# Jou roeping sal jou blootstel

Die stelling hierbo, laat mens altyd dink aan “positiewe” bloostelling. Dis waaraan ons eerste dink, want dit is goed, gemaklik, ons hou daarvan en dit is positief van aard. Ons weet egter dat daar nie net “positiewe dinge” omtrent ons lewensreis is nie, maar ons ervaar oor die “ander kant” van die lewe op verskeie maniere/wyses.

Soms as ons verstaan “waarom?” is ons nie meer so ingestel op dit waardeur ons gaan of oor die plek waarin ons onsself bevind nie, want ons weet “waarom?” ons weet wat die einddoel is voor oë, ons weet dat dit ook sal verby gaan..want daar steek ‘n goeie rede daaragter van dit wat ons ervaar of deurmaak. Dit is by hierdie “Waarom?” wat ek wil uitkom.



Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

As jy geroep word om te lei (Leier), sal jy met **eensaamheid** worstel.

As jy geroep word om vrede te bring, sal jy deur seisoene van chaos stap.

As jy geroep word om ander aan te moedig, sal jy self teen ontmoediging stry.

As jy geroep word om vir die Waarheid op te staan, sal jy misverstaan word.

As jy geroep word om diep lief te hê, sal jy hartseer ervaar.





Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

Baie mense maak die veronderstelling dat hulle hierdie toetse & beproewinge deurgaan, omdat YHVH afwesig is in hulle lewe, of omdat hulle iewers uit die baan van die lewe mis getrap het.

**<u>Inteendeel is hierdie dinge wat ons ervaar in die lewe:</u>**

Chaos, gebroke harte, om misverstaan te word, om moedeloos te voel, en alleen so alleen te wees, ‘n konkrete bewys dat YHVH met ons is, en in en deur ons werk deur al hierdie dinge. Dis hoe Hy ons karakter vorm, dis hoe Hy ons oprig en ons leer. Dis hoe ons gesnoei word.

Ons is nie verlate en sonder YHVH nie, inteendeel is HY met ons, rug teen rug met ons.





Geskryf en saamgestel deur Dr. Yvonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

Hierdie dinge wat ons in die lewe ervaar, is bewys dat dit presies is waar YHVH ons vorm.

Waarom? Omdat YHVH ’n manier het om ons die “gewig”u van die presiese ding wat ons geroep is om te dra, te laat voel. Dit is nie bedoel om ons te vernietig nie, MAAR dit is wat die vyand wil hê ons moet glo.




***ONS KIES OM DIE WAARHEID TE GLO:***

YHVH, berei ons voor:

- soos die Herder verantwoordelikheid leer voordat hy die skape lei.
- Die soldaat leer uithouvermoë voordat hy die geveg aangaan.



Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.



- Die geneser leer deernis deur seer.
- Die trooster leer hoop deur hartseer.
- Die aanmoediger leer hoop deur teleurstelling.
- Die proses is pynlik. Maar die proses is tot ons voordeel ons voel dalk nie so oor die proses nie, maar dis die realiteit.
- Mense verander nie deur kennis op te doen nie, deur informasie en advies gee nie. Mense leer en verander deur ervaring. Dit is blywend. Hulle sal dit baie goed onthou.


Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

Mense word verander deur egtheid. En egtheid word gebore wanneer YHVH jou deur iets neem wat jy nooit van 'n afstand sou kon verstaan nie.



Die letsels word wysheid.

Pyn word deernis.

Die stryd word 'n getuienis.

Die dinge wat jy gedink het sal jou breek, word die dinge wat YHVH gebruik om iemand anders te help om te oorleef.



Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.

As die gewig van wat jy dra swaar voel, moenie aanneem dat YHVH jou verlaat het nie.

Hy is besig om jou voor te berei. Hy laat dit nie toe omdat jou opdrag klein is nie, NEE, jou opdrag is belangrik.

Belangrike roepings benodig betekenisvolle vorming / opleiding.






Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.











Geskryf en saamgestel deur Dr. Ivonne Bergh vir Tehillah Studie Sentrum. Kursus Genade Gawes van Abba (ekstra sessie). Kopiereg word voorbehou.